

Groepsdruk

Groepsdruk – Francois Malan

Christa vra:

Ek moet volgende Dinsdag by die Hoerskool “preek”. Die leerlingraad het gevra dat ek oor groepsdruk moet “preek”. Ek het vasgehaak by die wapenrusting van God. Gee asseblief vir my meer tekste bv, was daar groepsdruk in die Bybel, hoe het hulle dit hanteer? Baie dankie dat julle so behulpsaam is, ek kan nie ‘n dag sonder Bybelkennis.

Antwoord:

Prof Francois Malan antwoord:

Die Bybel is vol ‘groepsdruk’ wat positief is om die Here te dien, en negatief om van die Here af weg te dryf. Ek noem net enkele.

Numeri 16 vertel van Korag en sy groep van 250 man se opstand teen die leierskap van Moses en Aäron (16:2,3, 12,13) wat beëindig is toe die Here die grond laat oopskeur het en hulle ingesluk het (16:31-33).

Deur die druk van die manskappe is Saul se beslissing omgedraai om Jonathan, wat eintlik tot die oorwinning oor die Filistyne gelei het, dood te maak omdat hy onwetend teen sy pa se dwase besluit dat niemand iets mag eet nie, wel heuning geëet het (1 Samuel 14:45).

Saul en sy manskappe het egter ná hulle oorwinning oor Amalek, téén die opdrag van die Here, alles wat mooi is vir hulleself gevat (1 Sam.15:16) en toe hy gekonfronteer word, die skuld op die manskappe gelê (15:21). Dit was die laaste strooi wat die Here laat besluit het om sy koningskap van hom af te neem (15:35).

Die Jode wat uit die Griekssprekende wêreld in Jerusalem kom woon het, was nie opgewasse teen die wysheid van Stefanus wat hy van die Heilige Gees ontvang het in sy redenasies met hulle nie. Hulle sweep die volk en die familiehoofde en die skrifgeleerdes op. Hulle gryp hom bring hom met 'n valse beskuldiging voor die Joodse Raad wat hom uit die stad sleep en stenig (Handelinge 6:8-7:60).

Die Jode van Antiogië en Ikonium kom as groep om die inwoners van Listra na hulle kant toe oor te haal en hulle stenig vir Paulus. Hulle sleep hom buite die stad onder die indruk dat hy dood is (Handelinge 14:19).

Onder aanvoering van die eienaars van die slavin wat Paulus van haar waarsêersgees verlos het, word die skare teen Paulus en Silas opgemaak, sodat hulle sonder verhoor geslaan en in Filippi se tronk gegooi word (Handelinge 16:16-24).

Die Jode wat afgunstig word, omdat so baie mense by Paulus en Silas aangesluit het in Tessalonika, sit 'n betoging teen Paulus en Silas op tou met die hulp van 'n klomp nikswerd leeglêers, sodat Paulus en Silas in die nag moes vertrek (Handelinge 17:4-10).

Toe baie mense van Efese die evangelie aanneem en hulle afgodsdienste los, roep Demetrius die silwersmede bymekaar en hulle skreeu dat hulle godin Artemis groot is, sodat die hele stad in oproer kom en na die amfiteater stroom om saam te

skreeu. Die stadsklerk kry dit reg om die skare tot bedaring te bring met logiese argumente wat hulle dwaasheid aantoon (Handelinge 19:18-40).

Paulus se raad vir gelowiges wat vervolg word, is om hulle vervolgers te seën en nie te vervloek nie (Romeine 12:14; vgl. ook vv 17-21). Seën beteken dat jy die Here vra om sy guns aan so 'n persoon te gee. Vervloek beteken om God te vra om sy guns aan so iemand te onttrek – dit moet 'n gelowige nie doen nie. Die woord van Paulus stem ooreen met Jesus se opdrag in Matteus 5:38-48 wat die Ou Testamentiese vergelding van Deuteronomium 19:21 vervang met 'Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê, en julle moet bid vir dié wat vir julle vervolg (v44), vergelyk ook Lukas 6:27-29.

Om die Korintiërs te motiveer om geld in te samel vir die armes in Jerusalem, gebruik Paulus die voorbeeld van die gemeentes van Masedonië se oorvloedige vrygewigheid al was hulle baie arm (2 Kor.8:1-9).

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)